**MEDIA RELEASE**
**by CHRISTIAN DEMOCRATIC PARTY (CDP)**

**25 JANUARY 2012**

**CDP reageer op SA se kreeftegang op persvryheidsindeks**
"'n Regering kan nie maar net aanhou die verkeerde seine oor persvryheid uitstuur, en nie ook verwag om die gevolge te dra nie," aldus ds. Theunis Botha, leier van die Christen-Demokratiese Party (CDP) in sy reaksie op die nuus dat Suid-Afrika nog verder op die persvryheidsindeks die kreeftegang gegaan het.

Suid-Afrika beklee nou saam met Botswana die 42de plek op Verslaggewers Sonder Grense se jongste indeks wat vandag uitgereik is, na dit verlede jaar op 38ste gestaan het. . Die land word nou deur die Kaap Verde (9), Namibië (20), Mali (25), Niger (29) en Ghana (41) op die indeks geklop, na die land nog in 2003 die 21ste posisie beklee het en die mees persvrye land op die kontinent was.

"Die beoogde wet op staatsinligting, die beoogde mediatribunaal en planne om sekere joernaliste en media deur 'n agentskap te laat monitor het 'n rol gespeel om Suid-Afrika se posisie te verswak. Ongelukkig tas dit beleggersvertroue aan omdat dit as pogings vertolk word om korrupsie toe te smeer.

"Ons media en die burgery verdien veel beter as dit," aldus Botha.

**CDP reacts to SA's drop on freedom of the press index**
"No government can continue with irresponsible legislation and remarks on press freedom and not expect to bear the consequences," says Christian Democratic Party (CDP) leader, Rev. Theunis Botha. He reacted to the latest index of Reporters Without Borders on which SA plummeted further.

South Africa now shares the 42$^{nd}$ position with Botswana, whereas the previous position was 38$^{th}$. The country is now overshadowed by Cape Verde (9), Namibia (20), Mali (25), Niger (29) en Ghana (41). In 2003 SA was in the 21st position and most press free country on the continent.

"The Bill on State Information, the planned media tribunal and plans to contract a firm to monitor some journalists and media, played a role in weakening South Africa's position. Unfortunately this is detrimental to investment in South Africa as it creates the impression of covering up corruption.

"Our media and citizens deserve better than this."